# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 21 JANUARIE 2024

# DERDE SONDAG NÁ EPIFANIE

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Week van gebed-byeenkomste***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Deuteronomium 18:15-20; Psalm 111;**
**1 Korintiërs 8:1-13; Markus 1:21-28**

| **SONDAG, 21 JANUARIE** |
|---|
| 09:00 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo<br>Deuroffer ten bate van: Bybel-Media<br>Erediensspan 4 – Robert Rootman<br><br>**Na afloop van die oggenddiens in die saal**<br>10:00 Kleuterkerk registrasie<br>10:00 Kinderkerk registrasie<br>10:00 Senior kategese registrasie & Belydenisklas<br><br>**Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens in voorportaal agv registrasies |
| **MAANDAG, 22 JANUARIE** |
| WEEK VAN GEBED<br>09:30 Gebedsbyeenkoms in konsistorie |
| **DINSDAG, 23 JANUARIE** |
| WEEK VAN GEBED<br>09:30 Gebedsbyeenkoms in konsistorie |
| **WOENSDAG, 24 JANUARIE** |
| WEEK VAN GEBED<br>09:30 Gebedsbyeenkoms in konsistorie |
| **DONDERDAG, 25 JANUARIE** |
| WEEK VAN GEBED<br>09:30 Gebedsbyeenkoms in konsistorie<br><br>Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Charlene Botes, Luci Mulder, Suzette Engelbrecht, Helene Steenkamp |

| VRYDAG, 26 JANUARIE | |
|---|---|
| | WEEK VAN GEBED |
| 09:30 | Gebedsbyeenkoms in konsistorie |
| **SATERDAG, 27 JANUARIE** | |
| | |
| **SONDAG, 28 JANUARIE** | |
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br>VIERDE SONDAG NÁ EPIFANIE |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Straatwerk<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| | • **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Rina van Wyk (Personeellid van ons) se kleindogter, Ronnicia, is gedurende die vakansietyd oorlede en haar broer is die afgelope week na 'n lang siekbed oorlede.
2. Elize Olivier (Othello) het 'n operasie ondergaan. Sy sterk nou aan by haar dogter.
3. Tannie Chrissie Gerber (Pioneerstraat) sterk aan na 'n operasie – sy is 95jr oud. Sy is die ma van Anita Theron (Pioneerstraat) en Gerda Nel (Sarphati Park)
4. Doris Adamac (Othello) se dogter is baie siek.
5. Die volgende lidmaatskap is ontvang:
   Wilma Fourie vanaf Bellville-Noord
6. Erika Huddlestone (Brackenfell) ondergaan in die komende week 'n mediese prosedure.
7. Clignet Bean (Oliniaslot) het 'n draai in die hospitaal gemaak, dit gaan nou goed met haar.
8. Kom ons bid vir Anna van Wyk (Bottelary). Dit gaan nie goed met haar gesondheid nie.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die week van Gebed sal vanaf 22-26 Januarie soggens om 09:30 in die konsistorie aangebied word.
2. 'n Lidmaat se bril is in die kerk, naby die klankbank, opgetel. Dit kan by die kerkkantoor afgehaal word.
3. Ons doen 'n beroep op lidmate wat bemesting vir die kerk se tuine kan skenk. Kontak die kerkkantoor indien jy kan help.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



21/01 Johan Engelbrecht, Kobus Fourie, Dirk Heydenrych, Dina van Zyl
23/01 Ben Welman, Michal de Kock, Jurie Kennedy, Eldrich Paulsen
24/01 Johan de Jager(91), Anna du Toit(85), Sanet Spies, Jakes Jacobs, Alta le Roux, Zander Boshoff
25/01 Lynri Snyder, Cecile Visser, Fritz van Wyk, Alta Rademeyer, Mia en MJ Erasmus, Emile Reid
26/01 Deon van Dorp, Ronelle Engelbrecht, Lee-Ann Lambrechts
27/01 Francois Joubert, Hennie van Geems(86), Hein Pienaar

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Bybel-Media (BM)**

Bybel-Media (BM) ontsluit die Bybel deur media. Ons versprei geestelike materiaal oor die hele Suid-Afrika en Namibië deur middel van boeke, video's en opleidingskursusse. Ons hoofkantoor is in Wellington gesetel.
BM het reeds en wil steeds 'n groot bydrae lewer om mense se geestelike lewe te verryk en God se koninkryk uit te bou – hier in Suid Afrika én buite ons landsgrense. Benewens geestelike hulpmiddels soos Bybelstudie-, kategese- en kleingroepmateriaal, verskaf BM ook die Liedboek-, Vonkk- en Flam-musiek. Verder is BM betrokke by die Gevangenisbediening, Vroeëkinderontwikkeling en praktiese teologiese opleiding aan geestelike leiers uit die Onafhanklike Afrika-kerke deur middel van die Sokhanya- en Nehemia-Bybelkursusse.
BM – as 'n niewinsgewende organisasie – is grotendeels van donasies en erflatings afhanklik om al bogenoemde dienste te kan lewer. Daar word dikwels gesê dat elke druppel water nodig is om 'n emmer vol te maak. So is elke bydrae nodig om te sorg dat die werksaamhede van BM volhoubaar bly en doeltreffend gedoen kan word. Om met jou finansiële bydrae 'n verskil in ander mense se lewe te maak is 'n voorreg. Dit bied nie net aan jou die geleentheid om menselewens te verryk nie, maar ook om self verryk te word deur jou welwillendheid. Lukas, die Evangelieskrywer, onderstreep hierdie gedagte in Handelinge 20:35c wanneer hy sê: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."
Baie dankie vir elke donateur se welwillendheid, meelewing en bydraes. Dit herinner aan die woorde van Winston Churchill: "Ons maak 'n bestaan deur wat ons ontvang, maar ons skep 'n lewe deur wat ons gee."
Wil jy 'n bedieningsvennoot van Bybel-Media word? Só kan ons die Bybel deur die media vir miljoene mense ontsluit.

# GEHOORAPPARATE BESKIKBAAR

'n Lidmaat van De Eike het 'n tweedehandse stel gehoorapparate wat sy graag aan 'n lidmaat wil skenk. Dit is nog in 'n perfekte werkende toestand.

Die ontvanger sal dit na die betrokke audioloog in Brackenfell moet neem vir 'n gehoortoets en die instel daarvan.

Indien jy belangstel, kontak die kerkkantoor vir meer inligting en die skenker se kontakbesonderhede.

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Mag die jaar wat voorlê vir jou mandjiesvol vreugde en seëninge bring!

Daar sal in die volgende **Die Akker** 'n volledige, nagevorsde spenslys vir Die Kosmandjie verskyn. Hou asseblief die aankondiginge dop vir die gereelde kortlys van onmiddellike behoeftes, sodat ons kan aanhou om mede-lidmate met nood of krisisse te ondersteun.

**GESOEK:** enige netjiese kartonbokse, nie kleiner as 'n papierboks nie, asook skoon en heel winkelsakkies.

Sit dit in die mandjies by die deure asseblief.
Dankie byvoorbaat

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

GESOEK: stewige, skoon kartonbokse en enige plastiek kleresakke.

Mooiste Nuwejaarswense
2 Vere

# JANINE WILLIAMS IN KONSERT

Wanneer: Sondag 21 Januarie 2024

Waar: NGK Kuilsrivier-de Eike

Tyd: 16:00

Prys: R150 per persoon

Kaartjies by die deure beskikbaar.

Janine Williams neem jou deur ‘n klassiek klavierkonsert, met stories op ‘n reis deur verskeie stadiums van die lewe, van oorleef tot floreer.

Vir meer inligting kontak Janine by 076 175 4005 of janinemw@gmail.com.

Vir meer inligting oor haar, gaan na www.j9coaching.co.za

‘n Gedeelte van die opbrengs van die konsert word aan De Eike geskenk. Kom ondersteun haar (en De Eike) gerus.

# PREEKSKETS

## TEMA – VERSTAAN ONS WERKLIK GOD SE GRENSLOSE LIEFDE?



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Jona 3: 1-5, 10

1. **<u>Inleiding.</u>** Wat is die doel van vanoggend se Skrifgedeelte? Hierdie Skrifgedeelte het ten doel om die grootheid van God se liefde vir alle mense, Jood en nie-Jood, te openbaar. God wat sê dat Hy mense gaan vernietig en wanneer hulle in rou wegdraai van die sonde af, Hy Homself oor hulle ontferm. Ons kan gerus hieruit leer dat ware berou in gebed God se aandag trek.

**2. <u>Vandag is 'n goeie 2024 begin.</u>** Om weg te draai van ons verkeerde voetpaaie en morsige gewoontes en te kies om God se wil te leef. Almal van ons het al verkeerd gedoen in die oë van die Here. Nie een van ons ontken dit nie.Daarom is bekering nodig in ons lewens. Tog wil ek vanoggend 'n vraag vra: Verander enige van hierdie dinge werklik God se denke?

**3. <u>Dit is nie God wat moet verander nie, ek moet verander!</u>** Jona het die punt gemis. Jona het oordeel gehoor toe God genade bedoel het. Dit was nooit God se bedoeling dat Nineve vernietig word nie. Dit was God se wil dat die Nineviete die noodsaaklikheid aan bekering besef. In eenvoudige terme beteken bekering om anders te begin leef. Dit beteken om volgens God se wil te leef. Hierdie sentiment is die draad wat deur die hele Bybel geweef is. Lees Jona se verhaal in die lig van Johannes 3:17 oor Jesus se doel om na die wêreld te kom. "God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word." Dit is altyd God se wil, van die Ou- tot die Nuwe Testament. Ons God wat ons behoeftes ken en wie se wil altyd tot sy kinders se beswil gerig is.

**4. <u>Slot.</u>** God se liefde vir ons is onveranderlik. Dit is ons wat moet verander. Dit was nie God wat 'n verandering van denke nodig gehad het nie, maar Jona. Dit is waarna ek en jy moet streef, in biddende afhanklikheid, om ons lewens in harmonie met God te bring sodat sy plan ons plan kan wees.